

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 15**

**9 April 2023**

**Was Jesus bang? (3)**

**Sy lyding**
**Die sonde van die hele wêreld is op Hom gelê. Hy het in ons plek die oordeel van God beleef wat ons toegekom het as sondaars…sodat ons met God versoen kon word.**
**Vervulling van die Woord**
**Jesus het geweet dat Hy die Woord van God moes vervul en Sy lewe vir ons moes gee, anders sou Hy Homself as die outeur van die Woord weerspreek. Sy dood aan die kruis was deurslaggewend, soos Galasiërs verduidelik: "Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: "Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is" (Gal 3:13). Die voorbereidingsfase van Judas se verraad was ook deel van die plan: "Ek weet wie Ek uitgekies het. Maar die Skrif moet vervul word: "Hy wat van My brood eet, het My in die rug gesteek" (Joh 13:18). Nadat Jesus uit die dood opgestaan het, het Hy weer vir twee van die dissipels gesê dat dit alles – ook die lyding – presies gebeur het soos die Skrif gesê het: "…naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en die profete en psalms oor My geskrywe is…so moes die Christus ly" (Luk24:44-46. Die magte van die hel en die dood het in hulle laaste desperate poging om te verhoed dat die Woord vervul word, probeer om Jesus se lewe te beëindig voordat Hy die kruis bereik.**
**Dit was alles deel van Christus se triomf wat vir ons ewige verlossing gebring het. Hy het die hel, die dood en die duiwel in 'n ongeëwenaarde stryd oorwin. Hy het Hom verheug oor alles wat Hy gedoen het soos 'n kryger hom verheug in die stryd. Hy het vir ander gesê: "Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak nie" (Matt 10:28). Vrees is irrelevant in die uitbundige vreugde wanneer die oorwinning in die stryd behaal word. Ons Kaptein van verlossing, die Ruiter op die wit perd, ons Here Jesus Christus, het geen vrees geken nie en sal dit nooit ken nie. – Wyle Reinhard Bonnke.**

**Dankie!**

- **Dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word!**
- **Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie!**
- **Ons is vry van die mag van sonde!**

**Julle moet dus altyd onthou dat ook júlle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus! Rom 6:11**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons jeug in skole en studente – dat hulle ook God se hart vir hulle sal ontdek.
- Vir die Eskom krisis..
- Vir die Paastydperk. Vir nadenke oor dit wat Chrisus vir ons kom doen het aan die Kruis..die omvangrykheid van die Sentraliteit vd Kruis.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie — Cedric Wiegand
- Maria Steyn — Ria Putter
- Oom Sampie Swart — Jeanette Mostert
- Jaco Steenkamp — Louis Strauss
- Tannie Marinda Jordaan — Heleen J van Vuuren
- Ina van der Merwe — Stefaans du Plessis
- Annika Killian — Petro Schneider
- Oom Eberhard Carshagen — Leonie Kruger

## Gedagte vir die week

**God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur Sy Seun. (1 Joh 5:11)**

Gebedsversoeke:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org